STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

3 NOVEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

### KONINKRYKSTYD

Ons **groei** nader aan God en mekaar om 'n verskil in die wêreld te maak.

### GESAMENTLIKE OGGENDDIENS

Vrygemaak!

Genesis 48-50

### JEUGDIENS

*Rooted*

### AANDDIENS

Die lewe van 'n Christen (Deel 2) Matteus 5

### DEURKOLLEKTE

Prins Albert-crèche Die crèche is 'n uitvloeisel van die gemeente se gereelde uitreike Prins Albert. Die crèche bied versorging aan voorskoolse kinders.

## EREDIENSTE

| | | | 3 November | | 10 November | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Ackerman | 2/8 | Dr. Hanekom | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Geen diens | - | Ds. Visagie | 6 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Komiteekamer | Klouterkerk | Geen diens | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Potgieter | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v. Deventer | 12 | Mike v. Deventer | 13 |

## DIE TIENDEMAAND EN BYBELSE VRYGEWIGHEID

Gelowiges oor die eeue heen betuig op tasbare wyse hul DANKBAARHEID teenoor die Here. Ons glo dat ons alles van die Here ontvang en daarom leef ons met VRYGEWIGHEID. Die beginsel van 'n TIENDE is 'n sterk, Ou Testamentiese beginsel wat vir die Here se volk gegeld het. Lev. 27:30,32: *Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word.* Vandag dien dit slegs as 'n riglyn, maar ons gee nie uit dwang nie, eerder uit dankbaarheid en vrye wil. *As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.* 2 Kor. 8:12-15. **Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Gee jou dankoffer dan uit dankbaarheid aan die Here. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

## JEUGDAGBOEK

- ANNIBRAND JUNIOR: Graad 1-6-groepe 10:00 in die kerk.
- GRAAD 7'S: Sluit 18:00 by die jeugdiens aan.
- GRAAD 1-3-KAMP: 22 tot 23 November. Kom neem deel aan die ontdekkingsreis. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za
- ANNIBRAND SENIOR: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Vanaf 23 Okt. tot 6 Nov. ontmoet ons 19:00 in SOS-komiteekamer.

## VERANDERINGE IN JUNIOR KATEGESE

Ons beoog om op Sondae 10, 17 en 24 November aanpassings in ons junior-kategesisteem te beproef. E-posse is aan alle ouers gestuur om die veranderinge te verduidelik. Indien jy nie 'n e-pos ontvang het nie, kontak asseblief die jeugkantoor by sunet@stellenberg/021 975 1044, of besoek die webwerf: www.stellenberg.co.za/kinderbediening.

## DOOP VANOGGEND OM 09:00

Simey en Nielen de Klerk, Stellenberg Gardens 24, laat doop vir Simon Christiaan de Klerk.

Marius en Nicola Momberg, Juans Place 2H, Sonstraal, laat doop vir Matthew Momberg.

Louis en Yda van Gass, Wessel Lourens 14, Vredekloof, laat doop vir Fleur van Gass.

Pieter en Terise Louw, laat doop met toestemming van NG Kerk Vredelust vir Nian Jacobus Louw.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1 tot 6: Kerk

Graad 7: Kerkkantoor-komiteekamer

Graad 8 en 9: Restauranttent

Graad 10 en 11: SOS-komiteekamer

### BREIGROEP

Ons kom weer op 4 November 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar. Die breigroep benodig steeds wol-skenkings. Afvalwol is ook welkom.

### GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samari-taan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Die mannegebedsgroep wil graag 500 Bybels vir Khayelitsha insamel. Die Bybels kos R95 elk. Lidmate wat by die projek betrokke wil raak, kan gerus 'n finansiële bydrae vir die aankoop van die Bybels maak. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *Khayelitsha Bybels* as verwysing.

## BESOEK AAN VOSBURG

Ons wil graag die boeregemeenskap van Vosburg tydens die droogte gaan ondersteun en beoog om hulle van 8 tot 10 November te besoek. Kontak asseblief vir ds. René Potgieter by 079 893 8104/ rene@stellenberg.co.za, of Karin by 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za, indien jy wil saamgaan.

## KOEKIES EN KASIES VIR KERSFEES

Die Ruyterwacht Dienssentrum samel pakkies wigkasies en *Toppers*-koekies in vir Kerspakkies wat aan minderbevoorregte bejaardes tydens die Kersseisoen uitgedeel sal word. Gee asb. bydraes voor 25 Nov. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes kan per EFT oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005 gebruik asb. *Ruyterwacht* as verwysing.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van die gemeente se oudste projekte, maar die voortbestaan van dié projek is in gedrang. Bydraes het geweldig gekrimp en die voorsiening van voedselhulp aan gesinne raak al moeiliker. Plaas asb. bydraes van niebederfbare kos onder die trap in die voorportaal van die kerk, of kontantbydraes kan per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing KOSPROJEK oorbetaal word.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Petronella Gertruida Burger, gebore op 18/09/1942 en oorlede op 23/10/2019. Sy was sedert 2016 'n lidmaat van die gemeente en 'n inwoner van Edelweiss. Ons opregte meegevoel met Faan, haar man, ook 'n inwoner van Edelweiss, asook haar kinders wat sy agterlaat.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 7 November om 15:00 en 15:45 Spreuke 9 & 10: Woorde en dade van wysheid.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### JAN KRIELSKOOL

**Borg 'n liggie vir 'n kind.**

Jan Krielskool ondersteun kinders wat o.a. aan epilepsie ly en met leergestremdhede sukkel. Die skool se jaarlikse Kersboomliggieprojek is op Saterdag 23 November. Borg asb. 'n liggie (kind) teen R100.

ABSA bank
tjekrekening
3010 141 566
Takkode
632005

## KLOUTERKERK

Die klouterkerkbyeenkoms vind op Sondag 10 November om 09:00 in die komiteekamer plaas. Ouers met babas, peuters en kleuters word uitgenooi om saam met hulle kinders die informele erediens by te woon.

## KOORSANG VIR DIE KERSSANGDIENS

Indien jy graag deel wil wees van die koor wat tydens die Kerssangdiens op Sondagoggend 1 Desember Kersliedere gaan sing, kontak asb. vir Karin Barter 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za. Die koor gaan die tweede stem sing en beoog om vooraf drie keer te oefen.

## DIE BYBEL VIR VANDAG (BYBELSKOOL)

Hoe lees ons die Bybel, hoe kan ons God se Woord vandag op die uitdagings in ons lewe toepas en wat leer die Bybel ons rakende moeilike kwessies wat die kerk moet hanteer? Tydens die Bybelskoolkursus gaan ons die totstandkoming van die Bybel, asook hoe gelowiges deur die eeue heen die Bybel gelees en verstaan het, bestudeer. Datums: Maandagaande van 28 Okt. tot 25 Nov. om 19:00 tot 20:30 in die kerk. Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Koste: R30 per persoon. Besprekings: Karin by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

## VATVYF BYEENKOMSTE IN NOVEMBER

**Feesmarkkuier op 6 Nov. om 09:30.** Ons gaan saam ontbyt by die feesmarkrestaurant eet en na die verhale van twee entrepreneurs, Benitha Nel (restaurateur) en Leza Coetzee, (uitstaller) luister. Hulle onderskeie getuienisse van die Here se voorsiening rakende hul inisiatiewe en besighede sal jou inspireer. Koste: R20 per persoon (gesubsidieërde prys). Bespreek jou plek tussen 08:00 en 14:00 voor of op 5 Nov. by Karin 021 976 4519. Ons ontmoet eers om 09:30 in die kapel en beweeg dan saam na die feesmarkrestaurant.

**Vat Vyf-afsluiting op 20 Nov.** Teken asb. die datum in jou dagboek aan. Besonderhede van die geleentheid sal later deurgegee word.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE